Spraak en Drama HG

Vraag 1
Die kandidate het nie altyd genoegsame aandag gegee aan die beplanning van die vraag nie. Die vraag vereis ‘n bespreking van TWEE dramas en hulle onderskeie stelontwerpe en genres. Daar moet dus aan VIER aspekte aandag gegee word. Daar moet op die vraag gefokus word en nie net ‘n mengelmoes van inligting gegee word nie. Struktuur en logiese ordening van feite het ontbreek. Dit het ook in die kandidaat se guns getel as hy/sy TWEE kontrasterende dramas (bv. realisme en epies) gekies het.

Vraag 2
Die kandidate het goed gevaar in hierdie vraag. By vrae met KONTRAS (2.2.5 en 2.2.7) moet na beide kante ewe veel verwys word. Kandidate wat die drama by nuusgebeure en en hulle eie leefwêreld laat aanpas het, het goed gevaar in 2.1.

Vraag 3

Kandidate het goed gevaar in hierdie vraag, veral dié wat ‘n deeglike kennis van die inhoud van die dramas en die opvoering gehad het. Dit was duidelik dat kandidate nie ewe veel aandag aan die bestudering van *Olifant van Afrika* as aan *Horings* gegee het nie. Kandidate se interpretasie van die visuele stimulus het goeie interpretasievermoë getoon.

Vraag 4
Hierdie vraag is uitstekend beantwoord. Grondige kennis van die drama en realisme was duidelik. By vraag 4.1 moes kandidate na die foto verwys in hulle antwoorde en nie net in die algemeen oor die Depressiejare skryf nie.

Vraag 5
Kandidate het goeie kennis van die Teater van die Absurde as genre, sowel as kreatiewe denke en dieper insigte. Dit is duidelik dat inspirerende onderrig plaasgevind het by die bestudering van hierdie drama. Kandidate toon ook goeie vaardighede om moeilike konsepte te verduidelik.

Vraag 6
Kandidate wat die drama as ‘n opvoering op die verhoog kon visualiseer, het baie goed gevaar. Hierdie vraag moet as ‘n geheel beantwoord word, dit wil sê alle aspekte van die beplande opvoering moet bymekaar aansluit. Daar moet na die teks verwys word om kennis van die drama te bewys.